

Tydskrif vir Letterkunde

Nuwe Reeks: X, 4

November 1972



tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

COENIE RUDOLPH

Skakelredaksie:

J. J. Brits — W. A. de Klerk — Andre Demedts

B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij

Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P. J. Nienaber

Z. J. Pretorius — P. D.,v.d. Walt — M. M. Walters

November 1972

Nuwe reeks X : 4

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

R3 per jaar. Los nommers: 75 sent per eksemplaar.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak
deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings
van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring ie.

I N H O U D

	Van die Redaksie 1
Elsabe Steenberg	: Wandeling 2
Greta Sauerman	: Trippe-trappe-trone 6
D. P. M. Botes	: Nou weet niemand meer 10
Chris Barnard	: Die storie van die appelkissies 13
Wessel Pretorius	: Vir Christine 16
Brenda van Rensburg	: Die Ridder en die Draak 19
Johann Mostert	: Gedigte 20
	— : Omrede die kat 22
Jennifer Fletcher	: Gedigte 26
C. F. R.	: 'n Treurige Storie 28
Mari Mocke	: Malabar sing! 34
Marais Kloppers	: Liedjie 35
Eveleen Castelyn	: Gedigte 38
	— : Kwarantyn 40
Mike Oberholzer	: Drie Prosas 42
J. J. Beukes	: 19 Januarie 1969 45
André A. le Roux	: Meneer 47
A. J. J. Visser	: Protes 48
Rosa Keet	: Op die sewende dag 50
Michael de Kock	: Sodiak 52
Johan Clbete	: Lewe trots 53
Louis Conradie	: Maar nou 54
Theunis C. C. Lombard	: Zimbati 55
Frans Pointl	: Prenataal 57
Ou Grietjie	: Skyfies 59

Buiteblad: P. G. du Plessis
(Foto: Pretoria News)

VAN DIE REDAKSIE

Dr. Elize Botha die welbekende letterkundige van Pretoria, sal van 1973 af die redaksie van *Tydskrif vir Letterkunde* behartig.

Dit is met groot vreugde dat die huidige redakteur namens die skakelredaksie, die medewerkers en lesers hierdie bekwame akademikus en kritikus verwelkom as redaktrise. Ons vertrou in haar leiding en bekwaamheid is heelhartig en onvoorwaardelik.

Die huidige redakteur het weens drukke werksaamhede reeds vroeg in 1971 bedank. Weens finansiële probleme wat die blad ondervind het, wisseling van drukkers ens. kan hy nou eers die tuig neerlê. Hy hoop dat die Afrikaanse geldbase die nuwe redaksie se pad met rande sal besaai sodat die redaksie uitsluitlik met literêre sake kan besig wees. Dit is met spyt dat ons tot siens sê.

Ons allerbeste wense vir 'n literêr produktiewe toekoms!

WANDELING

Met haar regterhand gereed op die haarborsel staan sy roerloos en wag. Daar is dit nou: die helder slae oor die radio wat sewe-uur aankondig. Sy veradem, tel die borsel op en begin haar lang grys hare met reëlmatige hale horsel. So ja. Nou 'n bietjie rooisel aan die dor lippe. Haar beursie.

„Sakka!”

Die hond kom aan uit die kombuis, spring met klein tjankies van vreugde teen haar op.

„Later, Sakka, later! Kom nou eers buitentoe.”

Sy loop tuin toe met die hond agter haar aan. Hier by die wingerd het Braam inmeekaargesak die dag nadat hulle teruggekom het van die stad af. In dié huis sou hulle hul laaste jare deurbbring, sy en hy. Hulle was vroeër soveel jare lank gelukkig hier, omring van goeie vriende. Toe hulle stad toe is, het Braam die huis net verhuur — „tot later,” het hy gesê, „totdat ons terugkom.” En hulle hét teruggekom. En toe, die dag nadat hulle gekom het, is Braam dood. By die wingerd.

Hy het dit nog self geplant, destyds. In die voorjaar.

Laat ons vroeg na die wingerde gaan. Laat ons sien of die wingerdstok uitloop, die druiwebloei sel oopgaan —

„Braam — ” Maar dadelik keer sy haarself. O nee, dít nooit: sy sal nie hier by die wingerd staan en met hom praat nie! Dis hoe die finale aftakeling sal begin: as sy toegee aan 'n drang om Braam terug te vind, juis hiér. Dit sal iets van die streng dissipline van haar dae laat verlore gaan.

„Sakka?” sê sy vinnig, en die hond kom na haar, hy spring teen haar op. „Sakka, onthou jy dat hy dadelik dood was? Onthou jy? Geen pyn nie. Die beste manier om te gaan — vir hóm, Sakka. Vir my sou dit wel makliker gewees het as daar 'n bietjie meer tyd was om aan die gedagte te wen dat hy . . . hy óók . . .” Sy breek 'n takkie af. Dis groen, stuwend van lewe. „Snaaks, Sakka, dat ek nooit aan Braam gedink het as sterflik nie. Hy was so taai en . . . onuitroeibaar, het ek gereken. En hy't my bederf, álles vir my gedoen. My oral heen geneem in die motor. Groente geskil. Jou kos gegee. Vir my geles. A, Braam . . .” Sy verbeter: „Sakka. Jou baas was 'n goeie man, Sakka, al was hy van die Ou Testament, nie van my geloof . . .”

Sy druk haar gesig in die hond se harige lyf. 'n Hooglied-mens, Sakka. Loop die wingerdstok uit, Sakka?

Die hond beur effens weg en staan stertswaaiend en wag. Sy weet, ja: dis tyd om met die oggendwandeling te begin. Traag draai sy weg van die wingerd, vat die beursie stywer vas en loop by die voorhekkie

uit. Af met die straat, stadig, want haar bene gee las en Sakka is ook lankal nie meer die hond wat hy wás nie. Huise. Destyds het hulle vriende gehad in al die huise hier om hulle s'n, maar almal is weg. Langsaan bly nou 'n weduwee met groterige kinders, 'n mens sien haar min want sy werk êrens. Dan die plek van die onderwyser en sy vrou met die klein dogtertjie: die vrou groet soms as sy verbyloop, maar gewoonlik is sy te besig met haar tuin. Ouerige rooigesigman in die volgende huis, seker al afgetree, hy staan gedurig op die stoep as sy verbystap. Dan die jong paartjie; albei werk, sy sien hulle net soms vertrek of tuiskom.

„Kom, Sakka.” Elkeen besig, en nie alleen nie. Net sý alleen. G'n familie meer êrens nie, en Braam se enigste suster is nog in Israel, miskien ander mense van hom ook, sy weet nie eens nie. Dis net hý wat destyds hierheen gekom en hom mettertyd in dié land gevestig het.

„Oppas, Sakka.” Verspote naam. Isak, die kind van Abraham: maar 'n hond. Ag, wat daarvan! As daar niks anders ooit was nie, g'n eie seun nie, kan dit hulle in sy of haar geloof as sonde toegereken word! „Versigtig, Sakka, hier kom 'n motor!”

Om die hoek. Ou, oorgroeide tennisbaan. Groot dubbelverdieping-huis met 'n bordjie: *Kamers tehuur*. Sy wou al vir die eenaar gaan sê het om die spelling te verbeter, maar watter reg het sy? Ou withaarfrou wat niemand meer ken nie, vir niemand meer van enige nut —

Nee, nee. Ook dít lei die aftakeling in. „Daar is altyd iets,” het Braam een keer gesê, een sonderlinge aand toe die druiwe baie ryp was en hulle stadig tussen die trosse deurgeloopt het. „Daar bly altyd iets. Wat goed is, of mooi, of sommer maar lekker: soos 'n granaatskyf.” Sy weet nie meer hoekom hy dit gesê het nie; tóé was daar oorgenoeg mooi en goeie dinge vir haar, vir hulle albei. Dis net kinders wat hulle ooit ontbreek het.

Klimop teen die vervalte geboutjie langsaan: groen, nou, en in die herfs sal dit rooi word. Dit was rooi toe Braam dood is. Soveel maande nou al, en binnekort 'n jaar? En die klimop bly maar: soos die geboutjie bly, lelik en onnodig, sonder doel: 'n kerkie, Luthers of Rooms, en wíe in hierdie omgewing was ooit Luthers of Rooms? Déstyds al het dit leeg gestaan, vóór sy en Braam stad toe is.

Nog 'n ou huis, en dan die kafeetjie. „Koerant,” sê sy stug, en betaal daarvoor, loop baie stadig terug omdat Sakka reeds so uittongmoeg is.

By die huis gaan sy sit om die koerant te lees: noukeurig, woord vir woord, tot by die vakatures. Tikster? Met háár artritishande! Skakelbordbeampte... biblioteekassistent... matrone... Niks vir haar nie. In watter werk het jy jou hande nie van node nie? Ag, en hoe sal sy tog daar kom, sy wat altyd met stille bewondering gesit en kyk het hoe Braam bestuur...

Maar dis tyd vir haar pap en eier. Dan afdek en opwas en groentetjies regmaak, die vleis laat sagkook. Genoeg te done tot tienuur. Dan 'n

storie oor die radio. Teetyd. Die dag afgebaken in klein hanteerbare eenhede.

„Jou teetjies, Sakka!”

Hy kom nie. Iemand klop, en dis 'n vreemde man met 'n grou gesig. „Het u 'n hond? Magtig, ek het so geskrik! Dit het vlak voor u hekkie gebeur . . . hy was seker baie oud, hy het net so in die straat by lê en ek is bo-oor hom voor ek besef het . . . Magtig!”

„Sakka?” sê sy en kyk verby hom na die straat, dan terug na hom.

„Hy moes dadelik dood gewees het. Dit spyt my.”

„Sakka ” Sy staar na sy hande, sien dit ligweg bewe. „Sakka óók? Hy was dan so klein. Hy het tussen ons geslaap, en ons het hom ons nageslag gemaak; ons sand, ons sterre.”

„Ek kan hom inbring.” Hy kyk na haar soos sy na hom. „Nee. Ek kan hom net sowel in my motor laai en gaan begrawe, as u nie beswaar het nie? Dis die minste wat ek vir u kan doen. Tensy u hom juis graag hier in die erf — ”

„Maak soos u wil,” sê sy meteens, byna ru. „Dit was net 'n hond!”

My wingerd, myne —

„Dan neem ek hom saam.” Hy draai weg, kyk pleitend terug. „Hy was al baie oud, nie waar nie? Hy sou buitendien — ”

„Baie oud, baie oud.”

Later gaan sy buitentoe, loop onder die son. En skrik: sy doen dit nooit hierdie tyd van die dag nie! O nee, nou moet sy met haar ernstiger leeswerk begin. Metodies lees sy al Braam se ou boeke — hy was so lief vir boeke: biografieë, studies oor oorloë van lank gelede, hier en daar 'n roman . Daar is altyd iets.”

Middagete. Rus. Stories oor die radio. 'n Wandeling om brood en groente en die aandkoerant te koop: verby die huise met onbekende mense wat haar nie raaksien nie, verby die verwaarloosde tennisbaan en die *Kamers tehuur* en die vervalde geboutjie met sy klimop teen die grys mure, die laaste ou huis. Weer terug. Aandete. Radio.

Sy gaan slaap, en sy dink aan niks omdat sy nie durf nie. Sy staan op toe die son weer kom en trek sorgvuldig aan en staan dan by die spieëlkas, haar hand gereed op die borsel. Daar klink sewe slae oor die radio: haar dag kom in beweging.

„Sakka!”

Dat hy nie kom nie, durf nie saak maak nie.

„Kom, Sakka. Tuin toe.”

Onder die wingerd vergeet sy heeltemal; sy sê: „Braam, maar as dit waar is dat Sakka ook dood is . . . Braam, man dán is daar niks?” Dan skrik sy, en sê skerp: „Kom, Isak.”

Sy loop verby die huis waar die weduwee bly; die groterige kinders is vanoggend effens laat, hulle drafstap nou eers skool toe. Die onderwyser trek sy motor uit, sy vrou werk in die tuin terwyl die dogtertjie om haar neul. Die ouerige rooigesigman staan op sy stoep. Die jong paartjie slaap dalk nog: die huis staan doodstil in die oggendlig.

„Kom, Isak.” Om die hoek, verby die tennisbaan en die dubbelverdieping en die vervalle kerk en die ou huis na die kafee. „Koerant, asseblief.” Weer terug, stadig vanweë die las wat haar bene gee en omdat die hond —

Granaatskyf? Maar die pitte is witgesuig.

Eers toe sy terug is by die huis, sit sy die koerant sorgvuldig op die tafel en sê: „Braam, nou is daar niks oor nie. Niks. Sakka is dood, Braam. Braam is dood, Sakka.”

Die hele dag sit sy daar voor die toegevoude koerant, met droe oë wat terugkyk oor haar jare. Sy kyk en word nie versadig nie. Toe sit sy nog, tot die aand toe: *Ek is 'n muur.*

Die volgende oggend gaan sy tog weer met haar beursie uit toe sy haar hare klaar geborsel het. Maar nie tuin toe nie. Reguit hekkie toe loop sy; gejaagd onderneem sy haar wandeling verby die weduwee se huis, verby die onderwyser se huis, verby die —

„Waar is die hond!”

Hy kom na haar toe: die ouerige rooigesigman. Hy kom staan by die hekkie en vra saggies: „Waar is die hond?”

„Dood. 'n Motor.”

Diep kom sy sug: verlig. „Aaaa. So is dit beter. Dat hy eerste gegaan het en nie u nie. U begryp tog? Hy kón net sowel nog lank gelewe het, en as hy die een moes gewees het om agter te bly, sou dit soveel moeiliker gewees het?”

„Nou is dit ek — ”

„Nou het hy u tot op die laaste gehad. Hy was net 'n hond, 'n ou hond. Wat word van 'n ou hond wat oorskiet?”

„Nou het ek niks.”

„'n Ou hond. Ek het u altyd doggehou, my bekommer.”

Sorgvuldig kyk sy na hom, soos hy na haar. Roerloos lees hulle tekens van mekaar af, totdat hy omdraai en terugloop na sy stoep. Toe staan sy nog. Sakka? Wat sou van jou geword het as jy moes oorgeskiel het?

Braam?

Nou het julle my tot op die laaste gehad.

Langsaam loop sy verder, om die hoek en verby die ongebruikte tennisbaan. Dubbelverdiepinghuis. Ou gebou met groen klimop; ou (Lutherse? Roomse?) kerkie. Sy gaan weer staan. Verwonderd kyk sy verby die grys mure na die gebreekte vensters wat deur die son beroer word:

hoe dâns die rooi korrels in die glas!

TRIPPE-TRAPPE-TRONE

(vir Ryno)

Trippe-trappe-trone,
varkies in die bone.
'n Stok sal ek my kindjie gee —
'n herderstaf vir ál die vee . . .

Koeitjies in die klawer,
perdjies in die hawer . . .
Wáármee sal nou my kleine kind
die wildebees se pote bind?

Die helder reënboog sal ons nou
gebruik vir linte, vir 'n tou
om al die diere weg te lei,
as hy dié wilde perdjie ry!

* * *

VISSIES

(vir André)

Die vissie is 'n seepbel
wat op die water dryf —
'n rooi en geel en helder blaar
met sy blink en ligte lyf. . .
'n Vis met silwer vinne
het dié patroon geweef;
en elke nuwe seestraat
is ver en krom en skeef.
Goudvissies uit die skulpe
gaan t'rug na hul kristal-paleis.
Met wáatter hoek vang ek 'n vis
as al die branders drakies is?

DIE STORIEVERTELLER

Uit die rotse en duine kom hulle.
hurkend uit die boorde
van die nag, om te kom luister
na die Rivier-van-Woorde . . .

In die skadukol van 'n bos
sit hy, sy oë bang,
turend na 'n tros
vlermuise wat bo hom in die takke hang.

Nóg het hy geen enkele woord gesê,
net geloop met die drif van 'n elandbul:
sluimerend in sy moerwal lê
die Rivier-van-Woorde opgekrul.

In die maagdelikheid van die flamink,
in die bloeddors van die tier
word sy stamelende woorde
die hees gesketter van 'n dier!

Hóé sal die verhaal ontvou —
die beelde wat hy soos doodgeborenes
in sy knoetsige hande hou?

Sy oë is bloedbelope van ál die sien,
sy stem twee snikkies, aanverwant,
maar sterker — gestol in hemoglobien —
bokspoortjies in die sand.

Hy vertel van die wit Geeste
wat te vroeg gebore is —
die voëls by die beeste,
die bosluisvoel en die ibis . . .

Maar as die skulpe fluister en die branders praat,
is in hom dié wete, helder en vol swye,
— die dowwe hoefslae voer hom mee —
dat hy onder die hemel se wye
tent alleen is met die wit Perde van die See.

En hy is alléén
as die knoppe hul stuifmeel uitstort in die reën...

Die nag is oop en bloot en teer:
vér onder die kranse skuil die meer,
omsoom deur lelies en groen en rou —
„Wat ek gesê het, moet julle onthou!”

Skaars verstaanbaar word die gemompel, skel,
die oë onrustig in sy kop —
„Wát ek gehoor het, het ek vertel . . .”
Tóé staan hy slepend op.

KLEIN GEBED

U wat die diep rose laat
bloei,
wat die blou naaldekokers
gryp;
U wat die pers delphiniums
aan my bors gedruk het . . .
Kóm, en soen my mond.

WATERDRUPPEL

Die son se lááste woord
brand in jóú geslote mond
met die pyn van besmetting,
en hande van dou:
in water trek die asems saam
tot één lewendige vis —
polsende rooi-en-geel soene,
'n lelie bloederig-nat . . .
Jý, stil belydenis
met die geur van dolfyne
in jou hare!

Wát het van die tyd geword
toe jy jou lende weer omgord?

Ek wou jou hoof in my hande neem
as ek maar kon —
jý was so naak en onbeskermd
in die son!

Grys siklone, en blare en wind,
en 'n traan van God oor
Sy kaalvoet-kind.

DIGTERES

Dié oë het alles goed gesien
wat lou en etterend uit die brand-stad kom.

Groen geskulpte hand is óm my —
'n bymot met sterk kake, stil nagwaak kom . . .

My spinnerak-brein is toegespin,
'n halfverlore drel aan takke.

Dán word als weer blond en purper:
so laat val, en trillend teer!

D. P. M. BOTES

NOU WEET NIEMAND MEER . . .

nou weet niemand meer
dat ek jou eenkeer liefgehad het nie

die voëls het na die Noorde vertrek
treine staan die vuur het koud geword
die as verwaai verkalk
in die oë van die oues van dae her

die vergadersale
waar duisende jou gesien het
as my bruid o my bruid
staan verlate die deure gesluit

en teen die mure van my kamer
vertel die kalender steeds dis 1970
die horlosie sê nog dis 12-uur
die vensters is toegetrek

die horison is leeg
die nag het sy kleur verloor
die dag is 'n raam sonder foto
'n portret sonder gesig

JY HET GESE

jy het gesê
ons moet onder die boom gaan gesels
daarom het ons daarheen gestap
ons het spys en drank saamgevat

ons het op twee klippe gesit
die koelte was rondom ons
die sonbesies het geluister
die voëls het in die lug versteen

ons het na mekaar gekyk
ons het geglimlag
maar niks gesê nie:
so het ons gepraat

daarna het jy oos gestap
ek het weswaarts vertrek
want soos die son
het ek gesterwe

WIE IS EK

wie is ek
om te klop
dat jy jou deure
vir my sal open

dat jy aan my sou sê
kom in
kom rus

om jou te vra
sluit my oë
met die bergstroom van jou hande

ek is moeg
vir landskappe vir reën
vir die vensters van die dag

ek klop nie
ek is gebore sonder voete
sonder tong
maar ek is

EK WIL

ek wil 'n appel voor my gesig hou
as ek jou skilder
met tepels op jou gesig
gevorm deur jou liggaam die sluitstuk van jou bene

ek wil jou sien
waar jy bloedig lê
met 'n boel wagtendes om die huis
en 'n moorminnaar wat luister na musiek

deur vensters moet jy sweef
en op strande moet jy uitspoel
met die kop van 'n vis
'n landskap so onwerklik soos 'n geskilderde toneel

of miskien moet jy deel wees van 'n tuin
moet ek jou sien groei uit blare
en jou lyf word voëls
'n blombak wat nie kan weef nie

dit sou soveel eenvoudiger wees
as jy my kam kon wees
of my enkelbed my basiese behoeftes
my plankvloerkamer

want ek wil jou eenvoud bewaar
jou hele bestaan soos dit nou is
ek wil jou maak van plastiek
deurstigtig soos jou drome

DIE STORIE VAN DIE APPELKISSIES

— 'n anekdotetjietjie

Vandag is Breyten Breytenbach by almal in die land bekend as skrywer en digter. In Frankryk is hy bekend as skilder. Maar toe ek hom in 1964 in Parys leer ken het, het baie min mense van hom geweet. Dit was voor die verskyning van sy eerste boek. Hy het trouens destyds tydelik nie meer geskryf nie.

Met sy hulp het ons, na baie gesukkel, 'n solderkamertjie in 'n lendelam hotel naby die Sorbonne bekom en daar ingetrek. Die kamer was klein, heeltemal te klein, maar ons het selde omgee. Daar was geen hysbak nie en die stel trappe boontoe was eindeloos. Terwyl jy klim en klim, al in die rondte, al om niks, het jy soms gevoel: as ek bo uitkom, sal ek sweerlik kan afkyk op die wolke; maar jy het nie. Jy het afgekyk op 'n klein binnehoffie en rondom jou was rooi skoorstene en antennes en dakvenstertjies in die holderstebolder pandak.

Die kamer was langwerpig en die mure skuins en hobbelrig, maar die muurpapier was vrolik en het jou van die bouers se nalatigheid laat vergeet. Daar was 'n driekwartbed, 'n driekwart-hangkas met 'n groot spieëldeur wat nooit wou toe bly nie en jou knaend teen jou self laat vasloop het, 'n wasbak wat as bad en opwasplek moes dien, twee stoele, en 'n tafeltjie skaars groot genoeg vir my tikmasjien en my pyp.

Ons het darem nie regtig die wasbak as bad gebruik nie. Daarvoor het ons 'n voetskotteltjie aangeskaf. Maar die enigste plek waar die voetskotteltjie tydens so 'n badsessie kon staan, was tussen die wasbak en die hangkas. En soos ek gesê het: die hangkas se deur was die ene spieël. As jy nou nie die slag jou kop teen die wasbak stamp nie, val die seep in die konfyt, of die kasdeur swaai tussen jou en die waslap in, of jy ontdek skielik in die spieël agter jou 'n hoek van jou lyf wat jy voorheen nooit só geken het nie. Veral as jy ses voet drie duim lank is en jy staan op jou knieë, besig om jou tronie te probeer was.

Aanvanklik is die kosvoorrade en borde en eetgereedskap en die gasstofie en kameras in die hangkas gebêre. Maar ons het nie van die reëling gehou nie — die kas ook nie. Die ding was beknop en dit vra nogal vaardigheid om al jou kombuisware tesame met jou klere, skoene, boeke, manuskripte en daaglikse proviand agter 'n gapende hangkasdeur tot bedaring te kry.

Op 'n dag besluit ons toe: nee, só kan dit nie langer nie. Ons sal 'n paar appelkissies of iets moet kry vir ekstra pakplek. En ek is die strate in, bese planne smeënde. Dis maklik om te besluit: kry 'n paar appelkissies. Maar waar? Was dit in Johannesburg, was dit maklik. Maar in Parys, waar jy die taal skaars ken . . .

Na 'n uur of drie oorweeg ek dit om tou op te gooi. Maar toe onthou ek weer hoe ek die oggend moes sukkel om die blikkie koffie

uit daardie hangkas opgediep te kry, en die vorige dag 'n boek. Die hele kas was gewoonlik uitgepak voordat jy op die regte ding afkom — en dan nie altyd sonder botter in jou hare en skoenwaks op jou wang nie.

Toe onthou ek van Breyten. Hy sou tog seker kon raad gee. Hy had altoos vir alles raad. Ons was maar kort-kort op sy drumpel met 'n nuwe onoorkomelike probleem wat hy teen wil en dank moes help oplos, mede-Suid-Afrikaner synde.

Hy was aan die skilder toe ek daar aankom; rooi van die verf en baie begeesterd. Luister, Breyten, sê ek. App elkissies. Waar kry 'n mens 'n hele boel app elkissies te steel? En ek verduidelik my knyp.

Hy vertel my van 'n markie waar hy soggens loop groente koop. Net om die draai. Maar die Parysenaars is suinig vir hulle app elkissies, waarsku hy, en die Franse polisie arresteer somer maklik. Veral nog as jy 'n buitelande is. Maar my huishoudelike nood was groter as my vrees vir arrestasie. Polisie of nie polisie nie — as ek vandag sonder app elkissies by die huis aankom, is daar moeilikheid.

Nee, hy begryp, sê Breyten, hy begryp maar te goed, en hy soek sy matroospetjie.

Op pad mark toe verduidelik ons vir mekaar wat dit alles van 'n mens eis om 'n vreemdeling in die vreemde te wees, veral nog as jy sonder app elkissies sit en jy ken nie eens die taal nie. En ons knik oor en weer en beaam hewig en werk so tussen-in somer ook 'n modus operandi uit vir die diefstal.

Die mark kriewel dié oggend van groentemandjies en huisvrouens en poedelhonde. En ons bekyk die lê van die terrein en begin rondstaan. Daar is app elkissies, ja, maar die meeste van hulle is vol appels. Ons soek. En uiteindelik kom ons tog op 'n paar lêes af.

Breyten het sy matroospetjie oor sy oë getrek en die kissies bestuur en vir die ou vrou by die kraampie langsaan gevra wat kos die eiers. Ek het my pyp opgesteek en gewens ek had ook so 'n matroospetjie en vir Breyten op Afrikaans gesê dis 'n lieflike dag en hoe's dit dan dat eiers so duur is in Parys? Breyten het sy petjie nog dieper oor sy oë getrek en gesê as ons die app elkissies wil hê moet ons hulle vat en hol, die mark bly tot vyfuur oop en hy wil nog loop skilder. Hy het sy een been onder die toonbank ingestek en twee kissies nader gekrap en gevra wat kos die wortels. Toe krap hy nog twee nader. Vier is genoeg, het ek beduie en die artisjokke bestuur. Die ou vrou het ons agterdogtig dopgehou en vir Breyten gevra of ons iets soek. Hy het verneem na die prys van die tamaties. Sy het gesê vier frank per kilo en hy het uitgewerk en sy kop geskud. Te duur. Die ou vrou het haar tot 'n ander klant gewend, 'n bietjie beet begin afweeg en oor haar skouer vir Breyten vertel dis die goedkoopste wat hy tamaties in die stad sal kry, maar hy kan dit kry teen drie frank tagtig. Hy het weer uitgewerk en weer sy kop geskud. Nog te duur. Toe sy snork en wegdraai, duik Breyten onder die toonbank in en skraap sy twee kissies. Ek volg sy blitsige voorbeeld en toe ek orent kom, toe sien ek net sy hakskene om die hoek weggraak.

Die ou vrou skree iets en ek haal diep asem en kry koers — oor 'n paar verstomde huisvrouens, poedelhonde tjankend, tussen 'n dosyn koolklatte deur, dwarsdeur 'n hoop verlepte kropslaai, bo-oor 'n heining. Net mooi niks stuit my nie. Want 'n stuk of vyftig tree voor my sien ek net Breyten se matroospetjie wegraak in die Rue de Sommerand.

Dis moeilik om in Parys se strate te probeer hardloop, en met 'n appelkissie onder elke arm is dit nie veel makliker nie. Maar wanneer jy jou in die verre vreemde aan diefstal skuldig maak en jy het boonop nog 'n Suid-Afrikaanse paspoort en jy weet daar sit ten minste 'n dosyn vloekende Fransmanne op jou hakke, sal jy selfs teen die Eiffeltoring oplouder, appelkissies of nie. Solank jy net weet jy kom veilig tuis.

Ons hét veilig tuisgekome. Uitgeput en vol kneusplekke en skrape waar die kisse se spykers en hoepels ons gekarnuffel het. Maar veilig.

Ons was egter skaars in die kamer, toe klop die femme de chambre aan die deur. Breyten het oopgemaak. Sy het gesien ons bring 'n klomp kiste teen die trap op, het sy beduie. Dit word nie toegelaat nie. Dis 'n hotel hierdie, nie 'n pakhuis nie. Breyten het verduidelik en mooigepraat en na die oorvol hangkas gewys en ek het agter hom kom staan en my bes probeer om trane in my oë te kry. Maar sy wou niks weet nie. Reëls is reëls en die reëls bepaal dat appelkissies nie in die hotel toegelaat mag word nie. Die goed moet uit en hoe gouer hoe beter, of sy roep die concierge. Breyten het geknik en gesê, hy begryp, maar of dit nie sal help as ons twee van die kisse uitgooi en twee behou nie; hy begryp dat vier 'n hele boel is, maar twee is darem nie so erg nie. En toe ek weer kyk toe is Breyten se oë blink van die trane.

'n Lang storie kort: ons het twee van die kisse behou, hulle oorgetrek en die kombuisware en proviand daarin gebêre. Die femme de chambre was tevrede en die concierge was tevrede.

Ons ook, want daarna was dit makliker om in die hangkas na 'n boek te soek.

— 1966

WESSEL PRETORIUS

VIR CHRISTINE

Welkomsgroet

my welkomsgroet is meer as net
ek verlang ek het jou lief
dus: welkom in my kamer wat bestaan uit:

5 syskermafdrucke
4 boekrakke
3 plakkate
2 matte
1 enkelbed met kussings

en een groot lugleegte
spesiaal daar gelaat vir jou
om te vul, vul dan my wesselwees

Voorspel

jy hét planne ek weet vir jou toekoms
tog luister jy kalm soos struik en plante
en op grasperke loer jy sterre af

in reën dans jy maltrap
jy bestyg takke van elke boom
swaai op elke swaai

ek volg jou met moeë oë
jy was gepla soos min
toe ek my pad bou déúr jou parkie

'n Voorbode

meisie, ek wil jou veld toe neem naweke
ek wil die naweke laat oorvloei in mekaar
en steeds later 'n ruimtereis reël
om planete fyn te kam
vir 'n tuiste hier! nee, daar! ag oweral!
maar sonder hoegenaamd enige tekens van enige
beskawing

en ek sal te kere gaan, manewales uithaal in jou
alomteenwoordigheid

in dié veraf streek
om jou uiteindelik te oorreed tot my gebied en my
gebod

ek sal met nikotievingers sonder sigarette
'n biermaag sonder bier
nagte sonder slaap
gedigte dig oor jou in die ooptes
met geen tyd oor vir somerliefdes, wintertydliefdes
geen tyd vir sporadiese versugtinge, relatiewe
bemoeienisse

en ek sal jou in dié plek en tyd aanhoudend styf vashou
tot ons in 'n ewige soen saamsmelt
en één word met die omgewing, óns omgewing

meisie, moenie beangs raak nie
ek wil jou vreugde verskaf — jy lag
maar jou oë verstaan tog 'n tikkie
meisie, kyk dan! steeds sommer ek
en ek sal jou wyn skink, vrugte aan jou voete neerlê
saam met jou knibbel aan die oorskietkorrels
steeds later saam met jou hap na mekaar
en ons sal mekaar vreeslik verslind
dronk word in die proses, hallusinasies kry

weet dít dan: ek raak in hierdie dae
stelselmatig histories mal oor jou
ek het vergeet om die dag sy gang te laat gaan
ek probeer my tyd met jou vasvang in een groot
demonstrasie

hoe sal ek ooit jou wipstappie vastrek?
ek wil net jóú, wil jou nét regeer
jy weet: nes die klein prins wat opdaag
gebore in jou stil en swygsame verre verlede
verrassing! ék is jou klein prins

vasberade en vasbeslote gier ek oor jou, en jou toekoms

VLUGSKRIF

vir Ferrie (en Christo)

en nou dat julle weer weg moet wees en vlieg, ferrie,
sal jy jou kwas weer ligweg oplik
en lispel oor jul afwesigheid
en vergete dinge en dae oopvlek

en hy sal jul posisie met sirkels probeer afbaken
van waar jy jou bevind in die wind
met vere in bloed oor doeke besmeer
tot waar hy in sy hoek brand van wag in die wind —
steeds wag en waghou met net nog vere in die wind

maar vóór jul finaal weer vlieg, ferrie,
maak seker die son is stil en vlak
sodat jul was nie smelt nie
en julle jul vlerke kan klap
teen die lug, teen mekaar

en jul kan vlug na jul vesting
vir vertoon in die son — vlieg dan, ferrie,
tot ágter die tralies waar mense
heel dikwels oor héén nog vlieg

DIE RIDDER EN DIE DRAAK

Die bottel bloed hang soos 'n eksotiese blom bo die bed. Die lakens lê afsydig, wit. Op die dak speel geel sondrake.

Hoelank lê sy al hier?

Sewe dae sal jy arbei — veg teen die drake . . . sewe maal sewe . . . Rachel en Lea.

Die draaktong spoeg skeef hoek toe.

Saans as die winterwind die werf toemis, is die geeldraakstories opgeroep. Altyd het die ridder gekom en die drake verslaan. Sy voel nou nog die bangrillings by haar ruggraat af.

Vir jare was Pa die verdringer van die drake. As sy sku soos die madeliefies voor die donker toëvou, was hy die bolwerk teen die bang. Sy groot stem rol oor die werf, slaan teen die kliprandjie agter die huis vas en brul terug. As hy sy voete hard op die matjie voor die deur stamp, sidder al wat draak is in 'n donker hoekie weg.

In die einajare van tiener wees, was dit sy maagskudlaggie wat die drake saam met sy pyprook plafon toe gestuur het.

Toe die kosmosblomme bont uitslaan en die bros, rou kluite op die kis breek, het die drake koggelend oor haar gestaan.

Die lewe drup-drup-drup uit die bottel.

Dis Julie. Die amandelboom blom. Die ou klipkerkie stort ryk orreljubeling.

Beloof julle om mekaar lief te hê, nooit te verlaat nie . . .

Ja! Ja!

Die drake is stil, koudstil.

Die vet jare volg — Hendrik met sy selfvertroue; sy kil brein; sy ongeduld met agterosse; sy onbegrip vir drake.

Waarvoor is jy alewig bang? Hou op veg en leef, leef!

Op 'n warm oggend is Hendrik se pakke weg, net die grys een wag vir die drooagskoonmakers. Weg? Toe het die vasklou begin. Koue lentes en verlepte dae.

Wat ek liefhet, los ek nooit, het hy altyd gesê. En 'n nuwe draak het opgestaan — hard, bitter, wraaksugtig.

Beloof jy om dié draak te verslaan?

Hoelank?

Die drake maak oorlog op die plafon. Die wit pyn is om haar, slaan teen die ruite, drup uit die bottel.

Hoelank? Sewe maal . . .

Wanneer het die rooi motor op die draai uit die mis gespring? Die draak het die stuur vasegbyt . . . nee . . . die ridder . . . Hendrik wat sy pak kom haal . . .

Verweg kerm iemand. 'n Nuwe koue kruip uit die bed. Die draak lag, lag, lag. . . Hoelank? Hoeveel?

Jy moet sewentig maal sewe. Goed dan!

Die waterglas is 'n prisma. 'n Reënboog brand die draak se tong. Die mis en koue, wit pyn is weg. Die bang knak.

Sewentig maal sewe.

Die laaste draak verdwyn onder die reënboog.

Die bottel is leeg.

JOHANN MOSTERT

Snags lê my hande vissersbote
leeg ná die dag
in jou beskermende hawe geanker

met die swaarnet-vangs
in mandjies
van die stil nag weggedra

Ek wou nog
bedrywige skeef-kantel
en uitlig ná afwagting vir jou bring

maar my hart is verslae;
hy wil net moeg
teen jou koel kaai sing

* * *

Jy vlieg met geleende vlerke
van kolibrie en heuningbekkie
teen elke waai-wind op

in die oggend
bly jou oë
soos honger nessies by my agter

en elke kat
wat oor my pad hardloop
het jou gevang —

Dan in die skemering
is jy terug by jou oë
met koel hande vol kos;

ek is altyd verniet bang

Onder somerjakarandas en rooi streepseile
vind alleenlopers mekaar
so het jy my vertel
Loenoës
toe ek jou hier gewaar

Nou wag ek maar
dat jy weer alleenloop
al reën dit ook
met mis wat Kaïn-gebede
uit die lamplig-pad trek

Wag ek in die koue
dat ons saam kan loop

* * *

Na watter hawe moet ek vaar
na watter oord
In watter stortreën moet ek staan
in watter poort
van watter stad?

Hoeveel trappies moet ek opbid
voor ek jou oë kan afskud?

OMREDE DIE KAT

Sy maak die deur aan die oorkant van die baksteengang oop, en leun na buite om die piering vol melk te gooi.

„Môre,” sê ek vir haar; tel die koerant van die deurmatjie af op.

Sy kyk nuuskierig deur die stringe hare na my op.

„Môre;” wanneer sy tevrede is.

Sy kietsie-kietsie die kat, wat teen die bakstene skuur, nader.

„Ek mag nie 'n kat aanhou nie,” sê sy vir my, en haar ovaal oë kyk weer na my op. „Ek gee maar vir die opsigter se kat melk.”

Sy streel die swart dier; staan regop.

„Jy het verlede week ingetrek,” vertel sy my, en kyk verby my skouer by die woonstel in. „Ek is al 'n maand lank hier maar dis nie die tipe plek waarin mens gevestigd kan raak nie.”

Sy kyk na die kartondose agter haar naby die deur.

„Ek het nog goed om uit te pak.” Sy byt haar lip, asof sy wonder: Wat eerste?

Die kat is klaar, en kom skuur teen haar kaal been. Sy kyk af; haar hoë oogbanke byna deurskynend wit, en haar wimpers donker.

„Die kat is klaar,” sê sy; kom agter dat die son deur die sy van haar japon val.

„Verskoon my; ek het nog goed om uit te pak.”

Die kat skuur teen die toe hout.

Die volgende môre is sy weer daar met die melk, en kartondose agter haar. Sy groet net, en praat met die kat.

Haar volheid hang die japon, wat sy toehou, vol.

Naderhand kyk sy na my; stoot die dik, reguit hare van haar slape terug.

„Die kat sien elke môre op die kerkhorlosie wanneer dit tienuur is. Ek weet nie waar anders nie.”

Ons lag oor haar gekheid.

„Sy is altyd klokslag hier.”

Ek sorg om elke môre om tienuur die koerant buite te gaan haal; dan gaan die koekoekklok oop, en die arm met die melk kom tevoorskyn.

„Werk jy nie?” wil sy een dag met nat hare weet.

„Net soms,” lig ek haar in.

Sy probeer dink watter werk mens net soms doen.

„Ek sien.”

Haar reguit oë hou aan na my kyk.

„Wat werk jy?” vra ek om die intensheid van haar kinderkyk te verbreek.

„Ek pak uit, en gee vir die kat melk.”

Sy laat die kat onder haar kaalvoet deurloop.

„En soms werk ek in die tuin hieronder.”

Sy vergeet om die japon toe te hou, en ek sien die roomheid.

Haar hand gaan onbewustelik op, en vat die kaalheid raak. Dadelik steek sy dit weg.

„Ek weet nie hoe jy binne ’n week kon uitpak nie. Dit neem my reeds langer as ’n maand.”

Sy weet nie wat om nog te sê nie, en ek vra:

„Wat doen jy elke aand?”

„Ek gaan bel in die hokkie op die hoek, en eet iets by die Wimpy Bar. Daar is nie eintlik in die middag tyd vir kosmaak nie.”

Sy kom agter dat die kat weg is.

„Wag, ek staan hier asof ek ure tyd het.”

* * *

Die aand gaan soek ek haar in die Wimpy Bar. Sy dra ’n houtskool trui, en haar ligte hare is blink agtertoe geborsel.

„Ek ken jou al ’n week,” sê sy, wanneer ons melkskommel kom.

Sy steek vir ons strooitjies in.

„Ses dae,” help ek haar reg.

Sy dring aan om die helfte te betaal, en ek laat haar begaan. Met die vyfsentstukke bel sy in die hokkie, terwyl ek op die busbankie wag.

„Ek bel hom elke aand,” sê sy nie wie nie. „Anders vergeet hy van my.”

Ons sê voor haar deur nag.

* * *

Tienuur staan sy bekommerd met die melkbottel in haar hand.

„Die kat is nie hier nie.”

„Miskien het sy ’n muis of iets gevang,” stel ek voor.

„Nee; dis die eerste keer.”

„Jy is verniet bekommerd. Miskien het die opsigter haar in die woonstel toegesluit.”

Haar besorgde oë bly in die gang afkyk.

„Miskien moet ons gaan vra,” sê sy na ’n rukkie.

Sy kyk na haar japon af; verskonend na my.

„Wag; ek sal gaan vra.”

Die opsigter is nie in sy woonstel nie.

„Ja, lyk my jy was reg.”

Sy gooi die piering in elk geval vol.

„Ingeval sy netnou kom.”

* * *

Drie-uur kom daar ’n klop aan my deur.

Sy staan in ’n langbroek en opgetrekte truimoue; en sy ruik na ’n seun — na gebreekte gras en los grond.

„Dis die kat,” sê sy. „Die opsigter het haar hier by my kom soek. Sy was van gister af nog nooit by die woonstel nie.”

Ek nooi haar binne, maar sy skud haar kop.

„Ek het net gewonder of jy haar nie miskien intussen iewers in die gebou raakgeloop het nie. Ek was die hele tyd in die tuin besig.”

Die piering is vol melk.

„Die ou opsigter is na die Griek toe, want die kat lê soms in die kafee se venster. Ek het gedink ek sal maar help soek.”

Sy het haar hare deur 'n wit rek getrek.

„Wat, die kat sal seker môre maar weer vir melk kom.”

Sy verdwyn by die koekoek in.

* * *

Die aand kom sy hoor of ek nie iets van die Wimpy af wil hê nie. Ek het garnale gekoop, en vra haar om my te help gaarmaak.

Sy doen meeste van die werk in die kitskombuisie, en was skottelgoed na ons klaar is.

„Jy het nie miskien 'n plaat van James Taylor nie?”

Ek het nog nooit van hom gehoor nie.

„As ek die plaat in die hande kan kry, kan jy by my kom luister, as jy wil.”

Sy vis die plaat by 'n kartondoos uit, en sê ek moet op haar bed sit. Die gemakstoel se kussings is by die droogskoonmaker.

Sy vertel my wie die plakkate teen die muur van is, en ons dans 'n bietjie.

* * *

„Dis vanaand Vrydagaand,” vertel sy my die volgende aand. „Ek het 'n nuwe dis probeer. Dit is selde of ooit dat ek kook.”

Ons eet op die bed, en ek help haar opwas.

„Jy wil seker vanaand 'n ander plaat hoor.”

Ons dans voor die bed, en ek kyk na die foto tussen die plakkate.

„Dis vir hom wat ek elke aand bel. Hy het eers in nommer elf gebly.”

„Op die volgende verdieping?”

„Ja. Ek was oorkant in nommer veertien.”

Sy draai die plaat om.

„Ek het hierdie woonstel gevra net voor hy weg is.”

Ons skuifel op maat van die musiek.

„Later het ek nie meer geweet of ek in my woonstel bly, of in syne nie. Dit sou verwarring voorkom as ek hier onder bly.”

Ek lag vir haar.

„Ek het moeggeraak vir trappies klim, en hy ook.”

Sy kyk na my.

„Dit was toe nie so 'n blink ingewing nie. Nou sal ons miskien nooit trou nie.”

Ons dans tot die plaat klaar is, en sy sê sy is moeg.

* * *

Saterdagmiddag teen skemer kom vertel sy my sy het lus vir roomys.

Ons gaan eet dit in die park.

„Ek het hierdie idee omtrent trouery:” sê sy, met haar mond vol room. „Ek wil nie trou, voor ek nie kan ophou omgee of ek in sy woonstel, of in myne is nie. Dit was so met ons, maar hy wou nie trou voor ek nie klaar uitgepak het nie.”

„Dan gaan julle trou, sodra jy klaar is?”

„Dit mag maande neem,” antwoord sy.

Ons speel James Taylor op my gram, en ek soen haar terwyl ons dans. Dit maak nie saak dat dit amper donker in die woonstel is nie.

„Ek sou my goed in sy woonstel uitpak, maar daar was net eenvoudig nie plek nie. Dit sou belaglik wees om al die goed hier uit te pak, en dan weer oor te trek. Hy het die groot woonstel gekry, maar ek het nie geleentheid om aan die plek gewoon te raak nie.”

Sy soen my, en lek haar lippe af.

„Ek bel elke aand om te hoor of hy al vir my plek in die nuwe woonstel ingeruim het, maar wanneer die tyd aanbreek, glo ek nie ek sal meer intrek nie. Ek is nie gewoon aan sy plek nie, en dis al hoe ek seker sou kon wees dat ons maar kan trou. Buitendien wag hy dat ek moet uitpak, wat ek nie gaan doen, voor ek nie seker is dat ek op 'n plek gaan bly nie. Dit sal my eeue neem om oor te trek, as ek eers uitgepak het.”

Ons drink yskoue bier op die rusbank voor die venster.

„Snaaks hoe baie plek daar in hierdie woonstel is, terwyl jy alleen is. Ek is seker sy ou woonstel was baie kleiner.”

Sy mors van die bier in die half-donker, en vee dit met haar mou af.

Ek soen haar op 'n kielieplek wat ek in haar nek ontdek het.

„Ek wonder wat van die kat geword het.”

Sy skuif haar arms om my nek, en ek voel haar deur die trui. Sy speel met haar tong teen my lippe.

„Ek moes hom eintlik vanaand gebel het, maar die antwoord sou weer dieselfde wees.”

Sy stoot die leë glas onder die rusbank in.

„Een van die dae sal ek nie meer weet in watter woonstel ek bly — as dit so aangaan nie.”

Sy skuif haar voet oor my kaal been. Haar maag fladder soos vlermuisies in 'n nes.

„Die piering met die melk staan nog.”

Sy het die kat se naels geërf.

„Van gister af.”

Sy knaag aan my oor, en skuif haar liggaam rond.

„Môre sal sy miskien terugwees.”

Sy rol haar kop rond, en haar oë is swart in die donker.

„Ek kon sweer ons was in my woonstel,” sê sy, toe ons in die donker hande-vashou en rook.

JENNIFER FLETCHER

Boesmansfontein, ek wil my arms
uitstrek en jou wye vlaktes met
my hande streef

ek wil in jou maanskyn
droom

en broos en teer met die skilpadjies
ná die reëns, in sagte doppies
skaam omvou, jou groen gras
in asem.

Ek wil saam met die Sprinkaanvoël
bo Bakenberg sweef en arendoog op Wolwekop kyk:
o stilte van Boesmanfontein —
omvou my in jou liefde en
jou bitter wreedheid!

* * *

Sak weg hierdie mis
ek het reeds geen oë
Gee my lig

Is ék die siener —
waar is my land?
Vrystaat, in jou maanlig
Stil en glimmend —
ek kom.

My siel jubel
lag sag
trek viool-fyn
6 000 myl
Grootberg en die grasvlaktes roep
en o, Vrystaat,
hoor my —
ek kom!

VIR J. EN N.F.

In hierdie dik-dronk geluk
is jy my vreugde

Son in my hart
glimlag in my oë

Ek sien deur julle
die likkewaan in trouwit
rotsstil in sy liefde
sit, singend na die maanskyn.

Tevredenheid wat jul en stilte bring —
ek wil my arms uitstrek
en jul tot diep in my inasem.

Saam met julle sal ek mals bo Bakenberg sweef
en in die mimosa-sagte oneindigheid, geluk
goud-vlekke
op die veld sien.

'N TREURIGE STORIE

Hierdie briewe openbaar dat eenstemmigheid en die goeie wil om historiese plekke te bewaar nie genoeg is nie. Van owerheidsweë behoort daar nou minstens ernstige aandag geskenk te word aan 'n liggaam om gekoördineerde optrede moontlik te maak. Die Afrikaanse Skrywerskring kon bv. staatmaak op kragtige optrede deur die Akademie toe Eugène Marais se rondawels in die gedrang gekom het. Maar is ons nou seker dat Gustav Preller se huis en veral daardie historiese kerkhof veilig is?

Van:

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE,
PRETORIA.
26:9:1969.

Die Voorsitter,
Afrikaanse Skrywerskring.

Geagte Heer

Aangeheg die konsepbrief. Dr. W.P. het my die raad gegee dat ons liefs by die vorige argivaris, dr. K., moet begin.
Moontlik kan hy prosedures aan die hand doen.

Groete

REDAKTEUR

SKRYWERSKRING,
PRETORIA
2 Oktober 1969

Geagte dr. K.

U is moontlik bewus daarvan dat daar 'n N.G.-pastorie op Schweizer-Reneke is wat eersdaags gesloop sal moet word om plek te maak vir 'n nuwe.

Hierdie pastorie het vir die Afrikaanse Skrywerskring belang omdat dit die ouerhuis was van Elisabeth Eybers. Daarbenewens is hierdie gebou verder van belang omdat dit 'n gebou uit die vorige eeu is. Die gedagte het ontstaan dat hierdie miskien 'n unieke geleentheid vir die kerk en ander instansies is om 'n pastorie te restoureer en dit moontlik in te rig as 'n museum vir Wes-Transvaal.

Die saak is met dr. W.P. bespreek en hy het aanbeveel dat ons liefs die saak by u moet aanhangig maak vir advies en moontlik ook in verband met prosedures om hierdie aangeleentheid onder die aandag van die regte instansies te bring.

Sal u asseblief so vriendelik wees om my in die verband te skrywe.

Hoogagtend die uwe,

VOORSITTER

DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING
PRETORIA

22 Desember 1969

Die Skriba
Moderatuur van die N.G.-Kerk
JOHANNESBURG

PASTORIE OP SCHWEIZER-RENEKE

Geagte Heer,

Na ons verneem het, bestaan daar 'n moontlikheid dat die bogenoemde pastorie in die nabye toekoms gesloop sal moet word om plek te maak vir 'n nuwe, indien daar nie genoegsaam fondse vir die restourasie van die ou pastorie gevind kan word nie. Die Afrikaanse Skrywerskring meen dat die bogenoemde pastorie besondere historiese betekenis besit omdat dit ook die ouerhuis was van Elisabeth Eybers. Haar verse is reeds vergelyk met dié van die grootste digteresse uit die wêreldliteratuur en haar kuns doen ons volk en taal beslis eer aan.

Tydens 'n onlangse besoek kon ons vasstel dat soveel bakens, soos die soldertjie, haar slaapkamer as kind, ens. nog bestaan. Maar oral dreig verval en instorting.

Die gebou is egter nie net van belang weens die feit dat Elisabeth Eybers daar kind was nie. Ons sien daagliks nuwe kerke en ultra-moderne pastorieë verrys wat die mooi groei van die kerk weerspieël. Maar waar bestaan 'n pastorie soos ons mense dit in die vorige eeu geken het? Is hier nie 'n unieke geleentheid vir die kerk om 'n pastorie te restoureer en dit moontlik in te rig as museum vir Wes-Transvaal nie?

Graag bring ons die saak onder u welwillende aandag. Ons wil die hoop uitspreek dat kerk en letterkunde, miskien via die nutgestigte Dokumentasiesentrum onder die Geesteswetenskaplike Navorsingsraad, hier kan saamwerk en iets tot stand bring waaroor latere geslagte ons sal dank.

Die dubbele belangstelling van kerk en letterkunde is seer sekerlik genoegsaam motivering waarom dit juis hierdie pastorie moet wees.

U samewerking en raad in hierdie saak sal hoog waardeer word.

Met vriendelike groete,
Die uwe,

VOORSITTER

KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE
BRAAMFONTEIN
31 Desember 1969

Die Voorsitter
Die Afrikaanse Skrywerskring
PRETORIA

Seergeagte vriend,

I.s.: PASTORIE OP SCHWEIZER-RENEKE

Hiermee erken ek met dank die ontvangs van u skrywe van 22 deser i.v.m. die bogemelde. Ek sal dit D.V. aan die eersvolgende vergadering van ons Breë Moderatuur voorlê wat gedurende April 1970 sal plaasvind.

Intussen wil ek u daarop wys dat Schweizer-Reneke binne die ressort van Suid-Transvaal val en dit sal moontlik gerade wees as u met dr. E., die scriba van genoemde sinode, oor hierdie aangeleentheid in verbinding tree.

Ek oordeel dat hierdie aangeleentheid waarskynlik beter by die Sinode van Suid-Transvaal as by die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode tuishoort.

Met vriendelike groete en seënwense,

Die uwe in Sy diens,

SCRIBA SYNODI

DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING
PRETORIA.

17 Februarie 1970

Die Scriba Synodi
BRAAMFONTEIN

Geagte Heer,

Ek dank u vir u brief van 31 Desember waarop ek nou eers kan antwoord aangesien ek met vakansie weg was.

Ek stuur nou dadelik afskrifte van my brief en u brief aan dr. E. vir sy aandag.

Die uwe,

VOORSITTER

DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING
PRETORIA

17 Februarie 1970

DIE SCRIBA
SINODE VAN SUID-TRANSVAAL
POTCHEFSTROOM

Geagte Heer,

Ek het onlangs in verbinding getree met die scriba van die Moderatuur van die N.G. Kerk in verband met die pastorie op Schweizer-Reneke. Ds. B. het onderneem om die saak by die eersvolgende vergadering van die Breë Moderatuur te bespreek, maar het ook versoek dat die aangeleentheid moontlik beter onder die Sinode van die Suid-Transvaal tuishoort. Ek stuur u dus 'n afskrif van my brief van 22 Desember en sal bly wees indien u iets hieraan kan doen.

Die uwe,

VOORSITTER

DIE SINODALE KOMMISSIE
POTCHEFSTROOM
31 Maart 1970

Die Afrikaanse Skrywerskring
Pretoria

Geagte Heer,

Die Dagbestuur het u skrywe insake die pastorie te Schweizer-Reneke behandel.

Ons staan simpatiek teenoor die saak en tree diensooreenkomstig ook met die betrokke kerkraad in verbinding.

Vriendelike groete,

SKRIBA SINODALE KOMMISSIE

DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING
PRETORIA
4 Februarie 1971

Die Skriba
Sinodale Kommissie
Potchefstroom

Geagte Heer,

Ek verwys u na u brief van 31 Maart verlede jaar in verband met die pastorie te Schweizer-Reneke.

Ek het sedertdien nog niks van u verneem nie en ek sal graag wil weet of u enigiets in dié verband bereik het.

Die uwe,

VOORSITTER

DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING
PRETORIA
4 Februarie 1971

Die Scriba Synodi,
Braamfontein.

Geagte Heer,

Afskrif vir 'n inligting ingesluit.

VOORSITTER

DIE SUID-TRANSVAALSE SINODE
Potchefstroom
26 Maart 1971

Die Afrikaanse Skrywerskring
Pretoria

Geagte vriend,

Ek verwys na u skrywe van 4/2/1971.

Dit het pas voor die Sinodale Kommissie gedien.

Ons verwys u ook na ons vorige antwoord.

Sedertdien is dit in die hande van die kerkraad van Schweizer Reneke by wie ons aanbeveel het dat aan u versoek voldoen word.

Vriendelike groete,

SKRIBA SINODALE KOMMISSIE.

DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING
15 September 1971

Die Skriba
Sinodale Kommissie
Potchefstroom

Geagte Heer,

Ek verwys u na u brief van 26 Maart in verband met die pastorie by Schweizer Reneke en sal graag verneem of u enige verdere inligting in verband met my versoek namens die Skrywerskring van die kerkraad van Schweizer Reneke ontvang het.

Die uwe,

VOORSITTER.

DIE SINODALE KOMMISSIE
POTCHEFSTROOM
22 Okt. 1971

Die Afrikaanse Skrywerskring
Pretoria

Geagte Heer,

i/s: Pastorie Schweizer-Reneke

Ek het nog niks verder van die kerkraad verneem nie.
Miskien sal dit goed wees as u direk aan hulle skrywe.

Vriendelike groete,

SKRIBA.

DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING
PRETORIA

28 Oktober 1971

Die Scriba
N.G. Gemeente
Schweizer Reneke

Geagte meneer,

Sowat twee jaar gelede is daar 'n aanvang geneem in verband met 'n versoek aan die Skriba van die Sinode Suid-Transvaal en later ook met die Skriba van die Sinodale Kommissie in verband met die bewaring van die ou pastorie van Schweizer-Reneke, wat moontlik deur u Kerkraad gesloop sou word.

Volgens inligting wat ek nou ontvang het van die Skriba van die Sinodale Kommissie, is die saak na u verwys en sal ek baie graag van u wil verneem wat sedertdien van die versoek geword het, nl., dat die pastorie nie gesloop word nie. U het waarskynlik volledige besonderhede in u lêers.

Die uwe,

VOORSITTER.

DIE N.G. KERK
SCHWEIZER-RENEKE
4 November 1971

Die Afrikaanse Skrywerskring
Pretoria

Waarde heer,

i/s: Sloping ou pastorie.

Ek erken ontvangs van u brief van 28.11 waarin u navrae doen omtrent die ou pastoriegebou.

Volgens die besluit van die kerkraad, en met die toestemming van die plaaslike owerheid is die gebou reeds gesloop.

Die uwe,

SAAKGELASTIGDE

MARI MOCKE

MALABAR SING!

In die stampvol beknopte Indiërsendingpastorie
daar in die mooi Malabar
tussen die hoë spogdakke daar
van Godiva Packirisamy
Velloo Naidoo en Ahmed Agmat
daar sit die bleek blanke en die steenkoolswarte
beskaafd
bymekaar
'n wit vinger en 'n swart vinger
deel een wit en swart blad
om een veelsydige skepper
daar in Malabar
'n oorwinningslied met versierende oë toe te sing—
maar reken bietjie nou

in die ruim gerieflike Nico Malan-teater
daar is die bleek hand langs die gekleurde hand
juis
'n onbeskaafde
flater —
maar bo die wit applous
duskant die wit oopbek masker
sien ek weer 'n wit vinger en 'n swart vinger
die een wit en swart blad saam lees
daar in die mooi Malabar
en hoor ek weer Malabar sing!

MARAIS KLOPPERS

LIEDJIE

liedjie liedjie
 verbrou
entjie spruit
entjie stap
 drawwertjie
 duif
biesiepol biesiepol
 beeste
 bokke
 fluit
bietjie liefde.

DUIF WAT VAL

'n klip het hom met
die kwart voorslag gekantel
en in die tol
was hy sonder wete mens
strandloper loods
was sy oë omsingel
kontrole opdrifsels in
'n donker kajuit

KYK DIE DAG

kyk die dag die stukkie son
'n boeksak op sy rug

sit-en-rus 'n bietjie
groottoon slootjie in die grond

kyk die dag die stukkie son
sy gelapte hemp.

EK KEN JOU

ek ken die stem in
jou mond jou voorhoof oë
ek ken jou o
ek ken jou
ken jou
ken jou

DIE HAAN

hou vir jou 'n pronkerige haan
oplettende voël
sommer by die hand
blaas in sy lies
let op sy strepe en uit duisend
verraai hy jou

* * *

as kind het jy
dikwels lang spriete
gras om jou vingertjies
gedraai
wanneer die wind
jou groot-kind oë
toewaai kon jy
in 'n taal wat hy wel
verstaan tydsaam
bid vir 'n blom

GOUDGEEL BLOEISELS

nuwe goudgeel bloeiseis
meer as al die vingers
aan jou hand
vra hul wat die paddas praat
en hoe die wolke regtig lyk
vra hul om te sê
waar jy op 'n dun dun draad
van blaar tot blaar kan gly
want daar is dit
waar jou kleintjie liefde lê

* * *

patryse kom om jou
kaalvoet by die vaalbos
saam te vra
een lag in sy vere oog
half oop
by baie doringbome
speel jy op 'n rietfluit
vleg hul van biesies
'n kroontjie op jou hoof.

EVELEEN CASTELYN

OP DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK

Ons het haar Sondag gaan besoek
met affodille en asters
vir haar verjaarsdag
en die speserye
van verlange saamgeneem
om haar dalk te ontmoet
waar ons die liggaam neergelê het.

Kan Mammie sien
hoe geel is die affodille
in die son,
die asters is pers;
hoe ons huil
en verlang
na 'n gelaat of 'n stem
om die klip weg te rol?

JOHANNA ALETTA

gebore: 1893

oorlede: 1963.

Hy is nie hier nie
want Hy het opgestaan.

Matthéüs 28:6.

Toe het ons haastig
huis toe gegaan —
verleë en bly!

WORD DIE BOME NOG?

Word die bome nog wit en groen
roes die blare bruin,
brand die son 'n rooikoper bord,
skyn die maan perlemoen,
raas die voëls in 'n tuin
speel die kinders huis-huis?

in die woonstelplantasies
gloei 'n fluoresserbuis,
balkonvoëltjies tjiip,
my enigste kind stort
oor die tralies
die rankmalvas rooi.

WYSGERIGE ANTROPOLOGIE

My man,
terwyl jy vandag
gefilosofeer het
 oor die fenomeen
 van ons eksistensie,
die sin van die syn,
of ons vry is om die
 dood te kies,
die uitverkiesingsgenade,
psigo-analise en logoterapie,
Bultmann en Barth se teologie,
het ek na jou verlang!

KWARANTYN

„Truia se pop is mooier as joune,” sê my niggie Johanna.

Ek voel lus om haar te klap maar ek weet self: Truia se pop is baie mooier as my groot selluloïde-pop met die geverfde gesig en die klere wat ek self gebrei het.

Truia se pop is 'n slaappop met blou porseleinoë. Sy het geel krluhare en 'n blou organdierok met fyn, wit kant valletjies.

„As 'n mens haar agteroor hou, gaan haar oë toe en as jy haar vooroor buig, kan sy mama sê” vertel Johanna.

„Haar ma het vir my ma gesê sy het dit van Johannesburg af bestel vir Truia. Joune is mos sommer hier by ou Makan gekoop.”

„En wat daarvan?” vra ek.

Toe ek my pop na baie soebate, op my negende verjaarsdag gekry het, het ek almal gedink dis 'n wonderlike pop. Maar nou is Truia se pop die mooiste wat ons nog ooit gesien het.

Ek het kort-kort daarna gaan kyk, saam met my niggies en partykeer alleen. Dit was nie ver daarheen nie — waar die grootpad uit die dorp loop na Amalia toe, draai 'n voetpaadjie af deur die veld en jy kon nog die dorp se huise daarvandaan sien.

As ek die pop net vir één dag kon hê om vas te hou en saam te neem skool toe om vir almal te wys hoe haar oë toegaan en te laat hoor hoe sy mama sê, het ek gewens. Maar ek het geweet dit is onmoontlik en die pop het vir my nog steeds mooier geword.

Toe ons weer een middag daarna staan en kyk, kon ek my nie langer bedwing nie.

„Vir wat het hulle Truia se pop hier in 'n glaskassie toegemaak? Hoekom kon een van ons haar nie liever gekry het nie? Kyk net hoe dof en vuil is die ou glasdeksel al van die son en die reën — netnou word die pop ook lelik!” roep ek uit en ek keer dat hulle nie my tranes sien nie.

„Maar jy is seker mal!” raas Johanna en sy wys na die randsteen en die hopie wit klippies voor ons.

„Kyk waar lê Truia, jy wil ook seker doodgaan en onder die grond lê soos sy né?”

„Maar ek sal mos nie doodgaan as ek met haar pop speel nie!”

„Jene, jy is darem 'n skaap: Truia het toring gehad en dis mos vreeslik aansteeklik! Daarom mag ons nooit by haar gaan speel het nie. Sy was so vol kieme toe sy dood is, lat hulle nie eers die kis by die kerk oopgemaak het nie — hulle was bang die mense steek aan. Dan hoes jy dag en nag en jy teer uit tot jy dood gaan, soos sy. By die huis

het hulle haar beddegoed en klere verbrand en hulle wou hierdie pop ook verbrand maar toe sê haar ma Truia was so lief vir die pop — dit was haar enigste speelmaat — hulle moet dit in 'n glaskassie op haar graf sit. Truia se ma het dit self vir my ma vertel.”

Die glaskassie met die pop daarin, is toe regop teen die kopstuk van haar grafsteen vasgemessel en Truia se pop het 'n kransie geword. Soos die ander glasbol-kransies daar in die kerkhof met die wasblomme en die kaartjies onder die glas wat sê: in tere herinnering aan, of: met innige simpatie. En lateraan kan jy niks meer lees nie want die glas word dof en die wasblomme en kaartjies vergeel. Truia se pop sal ook een van die dae so lyk en wat van Truia? het ek gewonder.

Toe het die tortelduiwe saggies begin treur; die son was 'n groot kol bloed in die weste en die sipresse het pikswart geword rondom ons. Ek het Truia se stem in die wind hoor roep dat ek by haar moet kom speel, dan kan ek haar pop vir altyd kry.

„Sê nou net die glasdeksel breek en die kieme kom uit, dan slaan ons dalk sommer net hier morsdood neer! Kom ons loop liever dadelik!” skree een van my niggies.

Ek het gegil en ons het almal gelyk begin weghardloop — oor die gruispaadjies, by die hekkie uit tot by die naaste huise. Daarvandaan het ek alleen verder gehardloop tot voor ons agterdeur, waar die tafel gedek staan in die kombuis en die olielamp heldergeel brand.

Van toe af was Truia en haar pop vir goed onder die kwarantyn van siekte en dood.

DRIE PROSAS

'N KOUE WINTER

Dit was 'n koue winter.

Bedags het die jongman by die Underwood gesit; soms met sy ken in sy hand gestut; met die klank van busse, motors, mense wat van die straat af opgekom het. Die jongman het in die eetkamer geskryf.

Die woonstel was beknopt; op die derde verdieping. Eetkamer, slaapkamer, kombuis en 'n klein badkamer. Die kombuis het op die binneplaas uitgekyk. In die binneplaas was daar blare, stringe wasgoed en 'n solitêre neutboom wat gedra het. Soggens het ou vrouens in die wind neute opgetel en in hul voorskote gegooi.

Net in die oggende het die son by die kombuis ingeskyn; die res van die dag was die woonstel koud en klam en skemer. In die oggende het hulle die kanarie se kou in die kombuis opgehang en die stootwaentjie met die kind in 'n baan sonlig gestoot.

Die jongman het op die briewebesteller gewag. Een keer 'n week het die briewebesteller gekom.

Toe dit in die strate begin sneeu en die lug, rond en vol soos 'n uier, teen die dorp se dakke hang, het die jongman en sy vrou en kind en kanarie koud gekry. Die baba het gehuil en die blonde vrou het iesegrimmig geraak.

Toe die briewebesteller op die derde dag van sneeu kom, en 'n stapeltjie koeverte deur die gleuf in die deur laat val, het die jongman dit opgetel, oopgeskeur, en die res van die koeverte uit die laaikas gaan haal. Toe het hy die ses maande se elke dag se werk in die stofie, in 'n hoek van die eetkamer, gedruk.

'n Vuur het oomblikke in die stofie gedreun.

Die jongman en sy vrou het hulle hande by die stofie verwarm en teen mekaar se gesigte gedruk.

DIE BOKSER

Die man het geskryf hoe bang hy is.

By die huis het sy vrou in die son gesit en sy briewe gelees en later vir sy ouers vertel wat hy geskryf het. Die man se vrou was jonk en mooi en haar gesig was sonbruin al was dit winter. Elke dag het sy in die winterson sy briewe gelees en ook liefdesverhale en gedigte oor liefde. Die kind in haar het gegroei.

Die man sou terugkom, binnekort; hy sou betyds wees vir die kind. Die vrou het aan hom geskryf — sy was baie lief vir hom. Hy moes terugkom. Die man het geskryf hoe bang hy is. Die vrou en die man se ouers het hulle nie oor sy vrees bekommer nie. Voor hy in die kryt ingaan, was hy ook bang, altyd, maar binne was hy goed: sy linker was goed en sy teenhoue vinnig en die linkerhaakhou het sy teenstanders laat val. Net soms het die man verloor.

Die man het ook gedink dat dit só sou wees; dat die vrees sou gaan soos wanneer hy in die kryt is. Dit het nie: hy was gedurig bang. Snags het dit hom wakker gehou. Hy was bang terwyl hulle vorentoe tussen die bome deurbeweeg het. Dit was koel tussen die bome. Hy moes volgende week teruggaan na sy vrou toe. Hy moes nie nou doodgaan nie. Tussen die bome het hy gedink aan die despedida, die laaste vertoning van die bulvegter, Pepe Gomez, wat hy en vrou die vorige Juniemaand in Madrid gesien het. Dit moes nie so wees nie. Dit was die bulvegter se laaste bul. Hy het genoeg geld bymekaar gemaak om af te tree en nooit na 'n plaza de toros terug te keer nie, toe die bul hom die Sondagmiddag doodgesteek het. Dit moes nie so wees nie. Daar was 'n week oor. Die man sou betyds wees vir die kind.

Sy vrou was bruin van winterson. Die man het aan haar gedink tussen die bome terwyl hulle vorentoe geloop het, met die gewere reguit voor hulle uitgestoot.

Hulle het tussen die bome deurgekom tot in 'n oopte waar sonlig was toe die gewere voor hulle in die bome anderkant die oopte begin vuur en hy omgeruk word deur die skoot in sy kop.

Die man het op sy rug in die gras gelê en grond geruik. Iemand het langs hom kom hurk en 'n verband om sy kop gedraai, maar die bloed het aanhou kom en die geweervuur voor hulle tussen die bome het nie opgehou nie. Die man het na die lug lê en kyk. Sy kop het gevoel soos die keer in die kryt toe hy met 'n haakhou platgeslaan is. Hy het teen die toue gehang en toe stadig op sy hurke gaan sit en toe op sy agterent op die vloer met die ligte in sy oë. Daar was nie pyn toe nie; nou ook nie.

Bokant hom was die son blink en die lug was helder en sonder wolke. Daar was geweervuur tussen die bome, maar vir die man het dit baie ver geklink en hy het nie meer daarna geluister nie. Sy brein wou niks in fokus bring nie en die man het begin vergeet van alles.

Toe het hy goed onthou hoe dit in die kryt was, die keer ná die hou, toe hy in die ligte vassekyk het, totdat hulle uitgegaan het sonder dat hy gesien het.

EPISODE

Hy het nie teruggeslaan in die kombuis nie. Teen die wasbak vasgedruk, het hy sy arms voor sy gesig gehou soos 'n bokser, maar sy pa se hou het deurgekom en hom agter die oor getref, en weer.

Na die argument moes hy die huis verlaat. Hy is in die nag uit na die losieshuis waar hy gaan aanklop het vir onderdak.

Toe hy die volgende oggend in die kamer in die losieshuis wakker word, was dit seer aan die kant van sy kop.

Altyd, so ver terug as wat hy kon onthou, was daar rusies in die huis. Toe hy kind was, het hulle hom snags wakergemaak. Dan het hy ademloos in die donker na hulle gelê en luister in die kamer langsaan. Dit het altyd lank geduur. Hy het sy pa nie geken nie. Hy was dood, maar Pieter het hom verkies bo sy ma se man. Die volgende oggend, na die rusie, was sy oë altoos seer van die huil en het hy op sy arms op die bank in die klaskamer aan die slaap geraak.

Die jongman het sy kop gevryf. Hy kon die vorige aand nie goed onthou nie. Hy sou die hele dag in die kamer bly; dit was nie nodig om uit te gaan en te werk nie: hy was immers reeds 'n week lank sonder werk. Hy sou die dag omslaap, soos wat hy die afgelope week gemaak het.

Laat in die middag het hy wakker geskrik en in die stoel wat by die venster staan, gaan sit en rook en vir 'n lang tyd gekyk na die jakarandabome in die winterlig in die losieshuis se tuin. Sy kop was nog seer. Soms was die sonlig wasig voor sy oë en dan was daar meer jakarandabome in die tuin as vier.

Op die tafeltjie in die kamer het 'n lampetbeker gestaan en langs die lampetbeker was 'n Gideoniete-Bybel en 'n stapel tydskrifte en 'n paar boeke.

Toe die jongman moeg was om uit te kyk na die tuin, het hy opgestaan en weer in die stoel gaan sit met die stapel tydskrifte en boeke in sy skoot. Hy wou nie meer aan die vorige aand dink nie en het deur die tydskrifte geblaai. Daar was niks in die tydskrifte wat sy aandag kon hou nie. Hy het deur die boeke geblaai. Toe hy op die bundel verhale afkom, het hy gretig begin lees.

Toe dit donker word, het hy die lig langs die bed aangeskakel en op die bed gaan lê en lees. Motte het uit die donker tuin deur die oop venster gekom na die lig. Die jongman het voortgelees. Die motte het in sirkels in die kamer gevlieg. Later was daar net drie stories in die boek oor. Die jongman het hulle nie gelees nie, maar gehou vir die volgende dag. Toe het hy geslaap sonder om die lig langs die bed af te skakel. Die motte het geluidloos uit die tuin gevlieg.

Die volgende oggend — agtuur — het Pieter se ma na die losieshuis gekom om vir hom te sê dat sy en haar man jammer is oor die rusie en dat hy kan terugkeer huis toe as hy weer begin werk.

Toe sy die kamer binnekom, het die jongman in die stoel by die venster gesit met sy rug na die deur. Hy het gerook en gelees in die boek, met die boek teen sy harige bobene gestut en sy voete op die vensterbank.

Die lig het nog gebrand. Pieter se ma het die lig langs die bed afgeskakel.

Toe die jongman haar hoor, het hy hom omgedraai in die stoel en die sigaret tussen sy lippe gesit en gesê:

„Die een oor die prins en die padda en die mooi meisie in die kasteel is goed: dit is die beste van almal.”

Hy het die boek na sy ma uitgehou sodat sy die kleurvolle illustrasie by die storie kon sien.

Die jongman het rook uitgeblaas. Vir 'n oomblik was sy gesig onduidelik agter die rook.

Die vrou is met 'n bekommerde uitdrukking op haar gesig by die kamer uit.

19 JANUARIE 1969

dis of u wakkerskrik in 'n rustige middagslaap
u oë lig, en, half verwonderd oor u eie glimlag
met u vingerpunte liggies aan u voorhoof raak

dis of u iewers in 'n droom u eie troosgoed fluister
te sien dis nag, en dieper in die kussings
na u eie droomgedig te luister

maar dis nie so nie, ek weet, ek weet
mos u is dood, en tog, tog
voel ek 'n vreemde dol begeerte kry my beet

om my lippe saggies op u oog te bring
u op te neem, u naam te fluister
en met 'n wiegeliedjie aan die slaap te sing

WINTERAAND

Dis onweer in die baai. Die reën steek op
en banke mis wat sak om aan die berg, die stad,
die skepe in die baai, en bome bo teen Leeukop
soos sagte hande van 'n vrou te vat.

Dit reën. Die huisies teen die berg — donker
kinders van Oranjezicht wat sluip en half verward
teen hange struikel, slinger, en ietwat dronker
gaan om tam daarbo in gate van die nag se hart
te kruip. Dit donder nou en webbe weerligstraal laat
gloei die bome bloedrooi soos 'n tulp
en die berge soos die pitte van 'n ryp granaat.
Maar hier lê ek en hou my ore teen 'n skulp
en lê en luister na kabouterdrome
en rol die son op al die punte van my tone.

EERBETOON

U laat die saadjie in ons drome
langs wisseling van rympatrone
gestalte kry in onbevange maat
uiteindelik blom as diepsee-anemone.

SEEMEEU

soos hy loop
so loop die rye spore
al agter die mankvoet aan

hy lig sy kop, kyk
na die breekson van die see
lig sy vlerke, vlieg — 'n vlag wat waai
en waai oor strande en oor seë
wat onbevange drywe in die lug
hy roer sy vlerke en sy ingehoue bene
hy los 'n kreet
hy laat 'n lang volmaakte skaduwee

so trek die rook van gannabos
weer goed van vroetyd los
in my wat hierso sit en vlakweg tuur
en sit en uur na uur
tot skape in 'n kraal, 'n opstal, 'n vuil brak
en 'n ouman om 'n vuur verstrak

ANDRÉ A. LE ROUX.

MENEER

(op 'n tema van Antjie Krog)

Meneer, ek skryf vir jou 'n gedig
sonder fênsie leestekens
of woorde wat rym
sonder bywoorde,
net sommer
'n kaalvoetgedig —

want jy maak my groot
in jou kromklein handjies,
en deur jou grote
siel en wyde witmanshart
sien ek my toekoms blink.
Jy beitel my met jou wit oë
en spits woorde;
op my hoof bou jy
'n behoue geslag
met pyn in die rottang
van jou tug.
Jou oor is my enigste telefoon,
jou huis my enigste bybel,
jou naam my breekwater teen die lewe.

ek is so jammer
jammer meneer
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil wees nie.

PROTES

Stof
keer
tot
stof:
dis die wet.

Maar gevormde stof
terugkerend
tot
stof
rebelleer
teen dié helse
proses.

Kyk agter hoë drade
waar
ontwrigtes
dwalend,
verward op die lewe
uitstaar!

kyk in die wit bed
waar kanker
sy kake reeds
in die ingewande,
in die kobaltbestraalde
gesigte en borste het!

Niemand sê
die wet
is nié wet nie,
maar om
die prosedure
soos die pes
te verpes,
kan niemand
iemand
belet nie.

KERSTYD

In die kettingbasaar
het die „wyse manne”
na die „sterre” gestaar:

gekoop, sonder oordeel
vir die vrou, die kind
hul goud- en wierookdeel.

Toe tog nooit die kind
of die krip in die
oorvol kerk gevind:

die predikant
melo-dramaties. Diakens
donker eenkant

met bedekte
hoop op ’n
rekord-kollekte.

DURBAN: SUIDSTRAND

Die ligte brand
vroe-aand kol-kol
koud op die strand . . .

maar waaier later
tot één springfontein
bloupers, oranje water.

ROSA KEET

OP DIE SEWENDE DAG SAL JY RUS

droogte oorlog hongersnood haat
die gang van die getye
ses keer deur die hel
maar op die sewende dag
sal jy rus

elke dag is 'n reistog
die oggend 'n voetpad langs die kus
alles is nuut
alles is mooi
veelkleurig seepbelle
uit 'n pypie gestrooi
die middag 'n kronkelpad
met rotse los
rotse vas
'n soektog na
die maklikste pas
en die nag?
stomp spykers
kruisig die nag
ses keer deur die hel
maar op die sewende dag
sal jy rus

VAN AANGESIG TOT AANGESIG

te voet
kom 'n langbeenman
my jeug tegemoet

dae aaneen dwaal ek in die donker rond
roep-soek roep-soek roep-soek
na tyd
en ewigheid
vind slegs
opstand betoging belegging belasting
die hemel behoed
my van waters waar rus is
as skoolkind het ek
om my verbeelding te voed
pouse met pen en papier verdwyn
„sy is versiemaker van beroep”

hy skeur my tragies/komiese
masker oop
spieël my aangesig
tot aangesig
met die dood

MICHAEL DE KOCK

SODIAK

die dae val soos bloeisels,
die pakkie maande op die rak
word maer en klein
 kwyn
tot net die Mona Lisa
in strak litodruk
vol geheimenis lag

die halvesirkels van my siel
weeg swaar van onklaar dae

BRUINMAN SE NAGMAALSGEBED

dat ek kan neem en eet
en die droesem drink
 dis goed

vlees van U vlees
bloed van U bloed

maar, God,
Hoe reinig ek die brandsmaak
 in my vlees
 en my bitter bloed

JOHAN CLOETE

LEWE TROTS

Lewe trots my seun
asof jy 'n uitverkorene is,
want dit is jy.

Joune is die sterre-hemel
die berge-prag
die lewe — gans heel die bestaan.

Lewe soos 'n held
fier, regop en naby God.
Mammon-aanbidding
is vir die minderes.

Plaas jou hand in vennootskap
my dogter,
met die man van jou hart
wat met liefde jou sal bystaan
in jou smart.

Die trots in jou siel
sal jou rig — in donk're dae.
Maar voor jou sal wees
'n held're duid'like pad.
Wees trots my Kind.

LOUIS CONRADIE

MAAR NOU

daar was 'n tyd
wat ek deur my
kamervenster op die wind
wou uitvaar
saam met die son
om die aarde jaag
op die verhoog
van die wêreld staan met my stem verhef
sodat: die volke van my weet
ek nie eendag sal omkyk
om te vind
ek is vergeet
maar nou: nou het ek jou
ek kan fluister en is tevrede
met die wete
net jy weet van my nou

DIE MAN IN DIE SPIEËL

die man in die spieël
is swygsaam
al jou geheime
is ook syne
die man in die spieël
het jou naam

ZIMBOTI

Ek het jou geken en groet jou,
 Zimboti, van die wit van jou oë,
 tot die donkerskemer appels
 en gitswart kykers, groet ek jou.
 Xhosa met die koperbande
 om jou arms
 en die angorabokkwaste,
 bewend om jou kuite,
 as jy Saterdaggaande gaan dans,
 gaan keriebaklei,
 vetblink, gladgesmeer, uit
 kinderjare 'n inhibisie bekoor:
 Zimboti, met die bekfluit
 en skielike lag van ivoor.
 Hoe anders is hierdie oud word;
 „madalla”, in jou taal. Anders
 soos ons toe gemeen het, Zimboti:
 Al bulk daar skare kalwers
 tussen botterblome; al loop
 die vers nog met die eerste kalf,
 dalk dragtig onder kafferboomrooi;
 al klim die berghaan kransblou
 hemele, is dit anders;
 is oë dof en bene krank
 en oor jou namelose graf, onder klippe,
 loop die voorslag in sy weerklank,
 deur die klowe nog aan, Zimboti,
 mopanietoppe oor na wagstaan
 teen rooidag; van ysterklippe se opstaan,
 uit die donkerte in die begin skemerte
 in, Zimboti, tussen eerste soetgras . . .
 Waar, in hoë namiddagson, Intombazanas
 kalbasse water later, balans, uit
 teen skuinstes van helder valleie
 sal sing, sal bring na aande
 se vuurmaakplekke. Maar ons, ons dae is verby;
 is lusikisiki, Zimboti; wind en gras,
 se gefluister aan die veld, 'n mompeling,
 'n tshohlo-tshohlo in die groot oor
 van die stilte, met altyd die sterre voor
 en die koms van die son.

POËSIE

Herinnering word nie
agter glas, 'n museum nie:
Eerder is dit 'n wandeling
in die gedagtewêreld, my lugspieëling,
nie 'n piekniek sonder wyn nie
en daarkenewens, die toevallige
afkom op 'n somertuin:
So is poësie dan guitig, liefvallig,
om die intellek te ontglip, te vermy
en ingehaak loop sy by
die arme van gees, waar
hy onbewus van haar, haar
agter die eggos aan, na kranse lei,
tussen gousblomme van die vlei
vertoef, vaag bewus met haar glimlag,
haar verwag, maar nie ken nie
en in haar arms gaan slaap . . .

So wil ek my woorde dan nie tel nie,
nie verruil vir wat verwag word nie,
liewer wil ek hulle fluit en dra op my asem,
hortend, gejaagd in die klim
na die pieke. Want ontwykend is sy,
die poësie; dogter van God:
Here behoed my daarvan,
dat ek haar probeer grimeer.
Haar gelaat brand uit die blomme,
sy wandel kaalvoet deur die seisoene,
ene belewenis in die verrotting,
bene, stof en die wederopstanding,
singende, al die dae van my lewe.

FRANS POINTL

PRENATAAL

ik ben nog niet geboren
mijn moeder torst mij — een gezwel
door haar patrijspoort zie ik haar wereld
zij vertelt
„het heet wereld het is hel
„ik had je willen laten wegmaken
„maar de dokter werd kwaad”
te groot ben ik om doodgemaakt te worden
en wij zijn zo innig in elkaar verdiept.

zie mij 's nachts
op mijn zijde
kniecën opgetrokken
hoofd in kromming elleboog
levenslang onbeveiligd embryo
steeds verder van horizon navelstreng
op weg naar knook

zie mij 's nachts
ik versier kerstbomen
voor vreemde kamers
en wijs postbode toekomst
de deur
voor zijn brieven beangst
ik kijk om
omzien is bekennen
en 's nachts ben ik 't bangst
lafheid doet mij rennen
achter mij een voetstap
die zoveel lucht verschopt
dat er betaald moet worden
met gepaste adem

de nacht levert me weerloos uit
aan dromen
angst
dat hèt zou kunnen komen
om mij wakker te stoten, denkend
dat ik aan m'n laatste moeder toe ben:
moeder aarde.

onvoorstelbaar
uw hand
onvoorstelbaar uw hand
die nu schrijft
zal straks rusten
daar
in die blanke kist
hand op hand
uw lichaam stijf en stram
gekapt door bliksemdood

niet zien zullen uw ogen
degene die zich buigt over u
tot afscheid
van 't onbewoonde huis
uw oren doof
voor stemmen
fluisterend bij 't lege glas
uw voeten eens vergeefs gehaast
als twee roerloze stammen

dan naar de stenenstraat
gevuld met namen
onder een naamloos aantal
scheppen zwarte aarde.

SKYFIES

Grietjie se Woordeboek van Nugtere Terme

Artikulasiebasis van Afrikaans: dié deel van 'n Afrikaanse akteur wat permanent beskadig is.

B,B en B: Die parysenaars Barnard, Brink en Breytenbach.

Caesura: speelding waarmee middeljariges die aandag van die letterkunde aflei.

Drama: 'n toneelstuk (obsoleet); 'n vak vir femme fatale -mans.

Erudisie: 'n effektiewe verskoning vir gebrekkige kommunikasie.

Feminisme: eufemisme vir 'n horingmansooi se houding.

Geleerdheid: 'n vorm van vrywillige maar permanente breinbeskadiging.

Homo: vgl. permissiwiteit.

Interpretasie van 'n gedig: die room wat deur die literêre middelman afgeskep is.

Jambe: wat in trosse van 70 as sonnette aangebied word.

Klank: die afgeroomde melk waarmee die interpreteerder nie raad het nie. Vgl. interpretasie.

Literêre kritikus: vgl. Eng. *litter bug*. Morsjors wat sy snippers uitstal in plaas van dit in die snippermandjie te liasseer.

Middeleeuse beskouinge: kontemporêre handel in antieke ware.

Nasionale: krag van die Dertigers, tans volkome in onbruik.

Onreëlmatig: ritme wat die eksegeet koudsit.

Permissiwiteit: die sonde van die vaders wat aan die kinders gewyt word.

Q: net so seldsaam soos egte jeugboeke in die reeks wat met die Scheepersprys bekroon is.

Renaissance: waarop die Sestigters wag.

Sestigters: verspilde saad.

Toneelspeler: as dit maar al was waarmee hy speel.

Uitwaarts: rigting wat in die letterkunde veroordeel, maar in die politiek aangeprys word.

Verkrampste: skrywer sonder vierletter-woorde.

Woorde: teelkrachtige taalkonyne.

X: die vorige huweliksmaat.

Y1: (ww.) 'n stilistikus op dreef.

(s.nw.) beskrywing van 'n simboliese verhaal.

ZZZ: kenmerkende geluid van kinders wat 'n Scheepersprysboek lees.

Woordeskatlik geheel die uwe,

GRIETJIE.

